

Regio Centurion Kleuterskool

Waar kinders hul unieke potensiaal ontdek

Where children discover their unique potential

Ouerbrosjure 2020 Parent Brochure

*Von Willichlaan 214
Clubview, Centurion*

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 654 2031

e-pos:

info@regio.co.za

Finansiële Aangeleenthede:

e-pos:

finansies@regio.co.za

<p>Hoof / Principal: Lourentta Barnard</p>	<p>Onderriginligting Educational Information</p>
<p>Skoolure / School Hours 06:30 tot 17:30</p> <p>Opvoedkundige program Educational programme</p> <p>Voorskools tot Graad R Preschool to Grade R 7:30 - 14:00</p> <p>Naskoolprogram After school programme 14:00 - 17:30</p> <p>Hierdie skool is geregistreer as 'n Art. 21 Maatskappy en word beheer deur 2 trustees. The school is registered as an Section 21 Company and is managed by 2 trust members.</p>	<p>Verwys na die aangehegte Fooistruktuur dokument vir duidelikheid rakende die Registrasiegelde, Maandelikse fooie en Namiddagversorging.</p> <p>Refer to the attached Fee Structure document for clarity regarding Registration Fees, Monthly Fees and Afternoon Care.</p> <p>Kennisgewing om skool te verlaat: Vir leerders wat die skool aan die einde van die akademiese jaar wil verlaat, moet skriftelik kennis gee aan die begin van die 4de kwartaal.</p> <p>Notice to leave the school: Learners that will leave the school at the end of the academic year, have to give written notice at the beginning of the 4th term.</p>

The wider the range of possibilities we offer children, the more intense will be their motivations and the richer their experiences. — Loris Malaguzzi (Stigter van die Reggio Emilia Beweging)

Regio Centurion Skole is gebaseer op die Reggio Emilia Skole van Italië. Die Diana Skool in Reggio Emilia is in 1991 as een van die 10 beste Kleuterskole ter wêreld deur Newsweek verklaar. Sedert hierdie verklaring het die Reggio Emilia beweging wêreldwyd gegroei tot 'n besondere, alternatiewe onderwyspraktyk.

Hier in Suid Afrika was Regio Centurion een van die eerste praktiserende Reggio Emilia skole. Dr Elsie Calitz, wat die Reggio Emilia praktyke en beginsels oor jare bestudeer en haar eie gemaak het, het in 2006 die groot stap geneem en Regio Centurion is gebore. Oor die jare sedert daardie klein begin het dr Elsie 'n onderwyserskorps opgelei in hierdie Reggio Emilia lewenswyse en het die skool ongekende suksesse met die metodes behaal. In Julie 2014 het 3 van ons onderwyseresse die Reggio Emilia-kongres by St Mary's skool in Johannesburg bygewoon en die oorblywende onderwyseresse sal dit ook bywoon. Dit was vir ons 'n groot plesier om te hoor dat ons praktyk in die skool baie na aan die ideaal van Reggio Emilia is. Daar is weliswaar nog heelwat ruimte vir verandering en groei maar dit gaan op hierdie oomblik Reggio-fantasties in ons Laerskool. Die huidige personeel onder Christa Weidemann ondersteun die Reggio Emilia beginsels en werkswyse ten volle en pas dit daagliks toe – net soos vroeër onder die leierskap van Dr Elsie.

Die Regio Centurion Skole het in 2006 begin en die onderrigfilosofie is gebaseer op die filosofie van die Reggio Emilia skole in die Noorde van Italië. Dr Elsie Calitz se persoonlike mens- en wêreldbekouing wat oor baie jare ontwikkel het, sluit so nou aan by Loris Malaguzzi se filosofie dat dit moontlik was om die filosofie by die Suid-Afrikaanse omstandighede aan te pas.

In die vroeë sewentigerjare het Elsie Calitz begin om voorskoolse onderwys te studeer. Hierdie skuif het die besef gebring dat betrokkenheid by jong kinders se ontwikkeling die geleentheid skep om langtermyn invloed uit te oefen op kinders se lewens. Na 'n aantal jare as hoof van 'n Kleuterskool het sy geskuif na UNISA se Fakulteit Opvoedkunde as dosent in Bewegingskunde en Omgewingsopvoeding in die Kleuterskoolen Omgewingsopvoeding in die Kleuterskool.

Dr Calitz se studies in die werk van Dr Montessori, Piaget, Vygotsky, Gardner en Erikson het haar siening dat jong kinders oor ongelooflike potensiaal beskik en die wil en motivering om self uit te vind en self beheer te neem oor hulle leefwêreldeksploratie en –verkenning, versterk. Sy het ook besef dat sy 'n besondere talent het om nie net onderwyser van kinders te wees nie, maar ook volwassenes te begeester met dieselfde passie wat sy vir onderwys het.

In Februarie 1997 het een van die eerste artikels in die populêre pers verskyn oor breinontwikkelingsnavorsing. "Fertile minds" in *Time* het in haar 'n lewenslange belangstelling in en toewyding aan die groeiende navorsingsbedryf in die ontwikkeling van veral babas en jong kinders se breine geskep. Dit het haar lewenstaak geword om onderwysers en ouers in te lig oor die unieke, ongelooflike potensiaal wat daar in elke kind opgesluit lê.

Min of meer hierdie selfde tyd het sy begin lees oor Loris Malaguzzi se werk by die Reggio Emilia skole in die Noorde van Italië. Daar was soveel raakpunte tussen die Reggio Emilia-filosofie en Elsie Calitz se eie kindbeeld en onderrigfilosofie dat dit amper 'n onafwendbare nadere kennismaking sou wees.

Toe ouers Elsie Calitz in 2004 genader het om hulle te help om 'n Laerskool te begin was haar mening dat sy slegs daarby sou betrokke raak indien 'n Kleuterskool deel kon wees van die Laerskool.

Wat is dit wat die Regio Centurion Skole anders maak as andere skole?

- Daar is ongelooflik baie navorsing oor effektiewe leer en watter faktore in breinontwikkeling leer beïnvloed.
- Ons weet vandag dat bewegingsvaardighede 'n geweldige invloed kan uitoefen op jong kinders en selfs ouer kinders se leermotivering, geheue en konsentrasievermoë. John Ratey se boek "*Jump*" bespreek juis die effek van bewegingsvaardighede op akademiese uitnemendheid. In die Regio Onafhanklike Laerskool is beweging 'n verpligte deelname. Navorsing het bewys dat balans, ritme, koördinasie, spiersterkte en fiksheid belangrike aspekte in skoolgereedheid is. Beweging word dus in die onderrig van taal en Wiskunde geïntegreer.
- Die ander aspek waaroor daar uitgebreide navorsing bestaan is die belangrikheid van speel as 'n manier om te leer. Stuart Brown (*Play*) beweer dat speel nie net voorbereiding is vir leer nie maar ook voorbereiding is om te leef. Daar is heelwat navorsing (*NewScientist*) dat kinders wat bv met konstruksieblokke speel in hulle voorskoolse jare beter doen in Graad 10 Algebra as leerders wat nie met blokke gespeel het nie.
- Spel is ook een van die belangrikste maniere waarop jong kinders, maar ook ouer leerders, leer om sosiale vaardighede te ontwikkel. Stuart Brown beweer bv dat geweldsmisdadigers dikwels nie gespeel het nie en dus ook nie geleentheid gehad het om empatie in 'n spelsituasie te beoefen nie.
- Een van die kenmerke van Kleuterskole en ook Primêre skole dat kinders se spel geweldig aan bande gelê word. In die Regio Centurion Kleuterskool is "self-initiated, sustained play" baie belangrik. Ons glo ook dat jong kinders bemaagtig moet word om keuses te maak en verantwoordelikheid vir hulle keuses te neem. Jong leerders word nie benadeel deur te sukkel nie, dit kweek karakter en nog belangriker; dit kweek aanpasbaarheid en uithouvermoë. Twee karakterkenmerke wat baie belangrik is in volwassenheid (Alison Gopnik, John Medina).

Die Kurrikulum wat gevolg word is die amptelike kurrikulum van die Departement van Nasionale Onderwys. Die onderrigmetode wat berus op die onderrigfilosofie van Loris Malaguzzi en Elsie Calitz verskil egter radikaal van die gewone onderrigmetodes. Een van die navorsingsareas wat Elsie Calitz baie in belanggestel het, is toekomsstudies. Daar is baie studies oor veranderinge wat in die gemeenskap gaan plaasvind oor die volgende 5 na 10 jaar (Cathy Davidson, Thomas & Brown, Ken Robinson). Verandering vind eksponensieel al hoe vinniger plaas en die veranderinge is ook radikaal. Vir die onderwyser wat ernstig is oor die voorbereiding van leerders vir die toekoms, is daar baie aspekte in die konvensionele onderwys wat kontraproduktief is indien ons praat oor voorbereiding vir die toekoms. Al die genoemde navorsers identifiseer die volgende vaardighede wat by leerders ontwikkel moet word:

- Goeie kommunikasievaardighede, nie slegs gesproke kommunikasie nie maar veral kommunikasie wat digitaal sal plaasvind.
- Kommunikasievaardighede en kennis wat oor kulturele grense sal strek. Daarom maak dit sin om leerders projekte en navorsing te laat doen oor alle wêreldlande.
- Kreatiewe denke en probleemoplossingsvaardighede is deur Europese Bestuurders van besighede geïdentifiseer as belangrike vaardighede vir toekomstige werknemers.

Loris Malaguzzi het gesê: "*Creativity becomes more visible when adults try to be more attentive to the cognitive processes of children than to the results they achieve in various fields of doing and understanding.*"

Die doelwit van die ontwikkeling van kreatiewe denke beïnvloed dus die wese van die onderrig. Aanpasbaarheid word deur Ken Robinson uitgesonder as 'n baie belangrike toekoms-vaardigheid. Hy maak die bewering dat iemand 50 jaar gelede by 'n werkplek kon begin werk, 'n huislening en pensioen kon ontvang en na 50 jaar kon aftree. Robinson verstout hom om te sê dat daar nie baie firmas in die wêreld gaan wees wat so lank sonder verandering sal bestaan nie.

- Die implikasie van hierdie tendense is dat elke leerder wat nou op skool is waarskynlik meer as een keer heropgelei gaan word. Hierdie heropleiding gaan waarskynlik nie deur die werkgewer geïnisieer word nie maar sal beteken dat 'n belangrike vaardigheid een is om 'n lewenslange leerder te wees.

Hierdie aspekte beteken dat die onderrig by Regio Skole gedurig onder die loep geneem word, aangepas word en gebruik word om leerders voor te berei vir 'n toekoms wat baie anders is as die een waarin die volwassenes leerders was.

Ekstra kurrikulêre aktiwiteite wat ingesluit is in die programfooi

Sportprogram: Vanaf die 5- tot 6-jarige groep word sport- en bewegingsontwikkeling aangebied deur 'n sportspesialis wat op 'n weeklikse basis sportontwikkeling doen. Hierdie program word ook voortgesit in die Laerskool.

Musiek: Die onderwyseresse gee daaglik aandag aan musiek. Aspekte waarna gekyk word is sang, ritmiese beweging, luisteraktiwiteite, kontraste in musiek, taalontwikkeling en die gebruik van melodiese sowel as slaginstrumente. Deurlopende indiens-opleiding word gegee. Soms word ook van buitewerkspesialiste gebruik gemaak om onderwysers op te lei.

Drama word vir die Graad RR-groep (4 – 5 jaar) en Graad R-groep deur ons dramaspesialis Esther Bredenkamp, en haar helpers, aangebied.

Uitstappies word gereeld beplan. Dit is hoofsaaklik die 4- tot 6-jaar groep wat op uitstappies gaan. Koste word bepaal volgens die kostes wat verskaffers aan ons deurgee. Besoeke van buite-persone soos die brandweerman of Polisiehonde en ander interessante mense wat die skool besoek word ook gereël.

Kunsaktiwiteite is baie belangrik in ons benadering tot die ontwikkeling van kreatiewe denke. Alle kinders vanaf die peuters tot die Graad R-leerders neem deel aan 'n wye verskeidenheid van kunsaktiwiteite. Ouers kan ons help deur afvalmateriaal soos knope, karton, kant, interessante afvalpapier en gewone afvalpapier asook anderhande goed wat deur ander mense weggegooi word, skool toe te stuur.

Spesiale sorg word bestee aan blootstelling aan die natuur en ons tuin, voëls en toevallige troeteldiere speel 'n belangrike rol in hierdie verband.

Spesiale dienste wat beskikbaar is (buite die onderrigfooi):

'n Spraakterapeut is beskikbaar soos nodig.

Buite-kurrikulêre aktiwiteite wat buite die onderrigfooi val:

Eenmaal per week word dans/balletlesse aangebied.

Hierdie aktiwiteite word deur ons gemonitor sodat ons seker is dat ons onderrigdoelwitte dieselfde is. Vir verdere navraag, kontak info@regio.co.za

Skoolkalender 2020 / School Calendar 2020

Skooltermyne en Vakansies / School Terms and Vacations

Eerste kwartaal / First Term: 15-01-2020 tot 20-03-2020

Tweede kwartaal / Second Term: 06-04-2020 tot 12-06-2020

Derde kwartaal / Third Term: 07-07-2020 tot 18-09-2020

Vierde kwartaal / Fourth Term: 29-09-2020 tot 02-12-2020

Openbare Vakansiedae / Public Holidays

01-01-2020	Nuwejaarsdag / New Year's Day
21-03-2020	Menseregtedag / Human Rights Day
10-04-2020	Goeie Vrydag / Good Friday
13-04-2020	Gesinsdag / Family Day
27-04-2020	Vryheidsdag / Freedom Day
01-05-2020	Werkersdag / Workers' Day
16-06-2020	Jeugdag / Youth Day
09-08-2020	Vrouedag / National Woman's Day
24-09-2020	Erfenisdag / Heritage Day
16-12-2020	Versoeningsdag / Day of Reconciliation
25-12-2020	Kersdag / Christmas Day
26-12-2020	Welwillendheid / Boxing Day

Die skool is oop dwarsdeur die vakansie, behalwe vir die mid-jaar reses 22-06-2020 tot 26-06-2020. Voldagkinders betaal nie ekstra vir vakansiesorg en die vakansieprogram nie. Programme word beplan om die vakansieprogram vir die voldagkinders so interessant as moontlik te maak. Dit is vir ons belangrik dat hulle ook die gevoel moet kry dat dit vakansie is. Die vakansieskool sluit op 9 Desember 2020.

Ouervergaderings, konserte en ken-mekaar-geleenthede

Kommunikasie en samewerking met ouers is vir die bestuur en personeel van Regio Centurion Onafhanklike Skool baie belangrik. Ons beplan dus geleenthede waar ouers betrokke kan wees by hulle kinders se onderrig en die kurrikulum van die skool. Ons moedig ouers ook aan om hulle belangstellers, stokperdjies en besondere vaardighede in die kurrikulum te gebruik. U sal van tyd tot tyd 'n lys van temas en projekte ontvang wat u sal help om te besluit waar u graag wil inskakel en 'n bydrae wil maak. Maak asseblief gebruik van die 'D6 Connect' waar 99% van ons kommunikasie gepubliseer word. {Gaan op Playstore en laai die D6 Connect applikasie af. Indien ouers probleme ondervind, kontak asb. die skool.}

Gebeure wat u kan onthou:

Die presiese datums van hierdie aktiwiteite sal op die Communicator deurgegee word.

Januarie	- Ken-mekaar piekniek
April	- Oupa en oumadag
Nov	-Skoolkonsert

Hiervan en Daarvan

Etes en Verversings by die Kleuterskool

Ontbyt:

Ons voel baie sterk daaroor dat elke kind elke oggend 'n stewige, gesonde ontbyt moet hê. Om te dink en te leer vereis baie energie en indien kinders nie genoeg lae GI-voedsel vroegoggend eet nie, word hulle moeg en knorrig. Daar word Hawermout, Mieliepap en Maltabella om die beurt gegee. Ontbyt is vanaf 07:45 elke oggend.

Versnaperinge 10:00

Om 10:00 word 'n gesonde broodjie en vrugte bedien. Die grootste oorweging vir hierdie optrede is om te verseker dat alle kinders om 10:00 'n gesonde versnapering kry. Maak net seker dat die skool bewus is van enige allergieë.

Ons wil graag ons kinders se dieet werklik gesond maak; een waarop 'n lewenslange leefstyl gebou kan word. Suiker, vette, kunsmatige kleur- en geurmiddels word heeltemal vermy. Ter wille van gesonde tande word vars vrugtesappe ook nie bedien nie. Gefiltreerde water is vrylik tot beskikking van die kinders. Kinders mag enige vars vrugte of groente skool toe bring asook toebroodjies. Ons vra asseblief u samewerking in die verband.

Middagete

Middagete word tussen 11:45 (Peuters) en 12:30 (4- tot 6-jariges) bedien. Ons benadering by middagete is dieselfde. Ons gebruik goeie gehalte vleis (maer maalvleis, hoender en bees). Ons wil graag hê dat ons kinders elke dag 'n gebalanseerde maaltyd nuttig. Ons is baie bewus daarvan dat daar baie ouers is wat vanweë lang werksure dit moeilik vind om altyd 'n gebalanseerde maaltyd elke dag te voorsien.

Etenstyd vind plaas op die stoep met gedekte tafels. Ons bid en sê dankie vir ons kos en lê klem op goeie tafelmaniere. Kinders het die reg om met in agneming van 'n gebalanseerde maal keuses te maak. Die spyskaart bestaan uit 'n vleisgereg, een gekookte groente en slaai. Pasta, rys en fyn aartappels word afgewissel.

Middaghappie

Om 15:00 word 'n broodjie en vrugte bedien. Moedig julle kinders aan om alles te eet. Dit is 'n lewenshouding wat hulle goed te staan sal kom as hulle eendag volwassenes is.

Partytjies by die skool

Ons maak 'n groot ophef van kinders se verjaarsdae. Hulle kry 'n kroon en daar word spesiale verjaarsdagliedjies gesing. Ons verwelkom ook verjaarsdagsnoepies maar wil tog vra dat daar nie te veel soet goed sal wees nie. Een kolwyntjie, 'n pakkie skyfies of krulle wat nie tartrazine of ander kleurmiddels bevat nie, is baie welkom. Gesels met die klasonderwyseres oor wat geskik is.

Water en koeldrank

Ons het 'n beleid by die skool dat elke kind 'n waterbottel met sy of haar naam op skool toe moet bring. Ons het 'n baie gesofistikeerde waterfilter en sorg dat die bottels gereeld volgemaak word. Moet asseblief nie koeldrank of vrugtesap in die bottels gooi nie.

Onderrigpersoneel / Teaching staff 2018

Peuters 18 maande tot 3 jaar / Toddlers 18 months to 3 years
Onderwyser: Mandy Botes
Assistent: Noni Mahlangu

Kleuters 3- tot 4-jaar / Pre schoolers 3 to 4 years
Onderwyser: Nthabiseng Mohloboli

Graad RR leerders 4- tot 5-jaar / Grade RR learners 4 to 5 years
Onderwyser: Lisa van Wyk

Graad R leerders 5- tot 6-jaar / Grade R learners 5 to 6 years
Onderwyser: Liza Salmon

Hoof / Principal:
Lourentta Barnard

Indiensopleiding van personeel

Personeel word deurlopend opgelei en dan ook deurlopend aktief ondersteun.

Die filosofie van Regio Centurion Skool

Die filosofie van hierdie skool is gebaseer op die skole van Reggio Emilia in die Noorde van Italië. Hierdie skoolbeweging is tans die vinniggroeiendste beweging in die wêreld en die enigste nuwe benadering tot onderrig in die laaste 50 jaar. Die Reggio Emilia Skole is in 1992 deur Newsweek verklaar as die beste skole in die wêreld. By hierdie filosofie het Dr Elsie Calitz se eie ervaring, kennis en navorsing bygekom oor die belangrikheid van spel vir die ontwikkeling van kinders asook die fassinerende navorsing oor breinontwikkeling by kinders.

Ons glo:

- Kinders het onbepaalde potensiaal. Al wat ons moet doen is om geleentheid vir jong kinders te skep om te eksploreer en te ontdek.
- Saam met Howard Gardner glo ons aan die teorie van veelvuldige intelligensies wat beteken dat ons in ons kurrikulum voorsiening maak vir die ontwikkeling van kuns, musiek, beweging, sosiale vaardighede, emosionele intelligensie en etiese en morele ontwikkeling van die kind. Al hierdie aspekte is tot beskikking van alle kinders. Ons glo nie daaraan om spesiale aktiwiteite net vir sommige kinders aan te bied nie.
- Ouers, as primêre opvoeders van hulle kinders, word verwelkom en deel gemaak van die etos van die skool. In die ware Regio tradisie is ouers, onderwysers en kinders almal lede van die omgee-gemeenskap van die skool.
- Onderwysers word goed opgelei en ondersteun om die filosofie van Reggio hulle eie te maak.
- Die leeromgewing is volgens Loris Malaguzzi, die grondlegger van Reggio Emilia, die derde onderwyser en ons leeromgewing gee aan ons kinders geleentheid om spelenderwys ook van die natuur en die omgewing te leer.
- In die ware Regio-tradisie maak ons baie van ons kleuters en ouer leerders se vermoëns om deur middel van kuns te kommunikeer en uitdrukking te gee aan hulle waarneming en emosies.
- By Regio Centurion is ons assessering en verslaglewering aan ouers gebaseer op die Reggio Emilia benadering dat dokumentering van kinders se leerproses 'n baie belangrike navorsingstaak van elke onderwyser is. Ons maak dus gebruik van digitale kameras om gereeld foto's te neem en dit aan ouers te stuur.
- Ons glo aan die mag van goeie onderwys. Ons kleuters en ook die ouer leerders is die lewende bewys dat elke kind werklik die potensiaal het om briljant te wees. Ons kinders se lees- en skryfvaardighede is besonder goed. Baie tyd word bestee aan die ontwikkeling van kreatiewe denke en probleemoplossings-vaardighede en dit kom dan ook na vore in die Wiskundestrategieë wat leerders in Graad 2 en 3 ontwikkel.
- Ons glo dat die beste onderwys saam met kinders werk. Ten slotte glo ons ook dat dit elke kind se reg is om veilig en geborge te voel en gelukkig te wees.

The philosophy of Regio Centurion Preschool

I want my children to understand the world, but not just because the world is fascinating and the human mind is curious. I want them to understand it so that they will be positioned to make it a better place. Knowledge is not the same as morality, but we need to understand if we are to avoid past mistakes and move in productive directions. An important part of that understanding is knowing who we are and what we can do ... Ultimately, we must synthesize our understandings for ourselves. The performance of understanding that try matters are the ones we carry out as human beings in an imperfect world which we can affect for good or for ill. (Howard Gardner 1999: 180-181)

The following overview of the Reggio Emilia Approach was taken from a packet of information available at *The Hundred Languages of Children* travelling exhibit:

Hailed as an exemplary model of early childhood education (Newsweek, 1991), the Reggio Emilia approach to education is committed to the creation of conditions for learning that will enhance and facilitate children's construction of "his or her own powers of thinking through the synthesis of all the expressive, communicative and cognitive languages" (Edwards and Forman, 1993). The Reggio Emilia approach is based upon the following principles:

Emergent Curriculum

An emergent curriculum is one that builds upon the interests of children. Topics for study are captured from the talk of children, through community or family events, as well as the known interests of children (puddles, shadow, dinosaurs, etc.). Team planning is an essential component of the emergent curriculum. Teachers work together to formulate hypotheses about the possible directions of a project, the materials needed, and possible parent and/or community support and involvement.

Project Work

Projects, also emergent, are in-depth studies of concepts, ideas, and interests, which arise within the group. Considered as an adventure, projects may last one week or could continue throughout the school year. Throughout a project, teachers help children make decisions about the direction of study, the ways in which the group will research the topic, the representational medium that will demonstrate and showcase the topic and the selection of materials needed to represent the work. Long-term projects or *progettazione*, enhance lifelong learning.

Representational Development

Consistent with Howard Gardner's notion of schooling for multiple intelligences, the Reggio Emilia approach calls for the integration of the graphic arts as tools for cognitive, linguistic, and social development. Presentation of concepts and hypotheses in multiple forms of representation – print, art, construction, drama, music, puppetry, and shadow play – are viewed as essential to children's understanding of experience. Children have 100 languages, multiple symbolic languages.

Collaboration

Collaborative group work, both large and small, is considered valuable and necessary to advance cognitive development. Children are encouraged to dialogue, critique, compare, negotiate, hypothesize, and problem-solve through group work. Within the Reggio Emilia approach multiple perspectives promote both a sense of group membership and the uniqueness of self. There is high emphasis on the collaboration among home-school-community to support the learning of the child.

Teachers as Researchers

The teacher's role within the Reggio Emilia approach is complex. Working as co-teachers, the role of the teacher is first and foremost to be that of a learner alongside the children. The teacher is a teacher-researcher, a resource and guide as she/he lends expertise to children (Edwards, 1993). Within such a teacher-researcher role, educators carefully listen, observe, and document children's work and the growth of community in their classroom and are to provoke, co-construct, and stimulate thinking, and children's collaboration with peers. Teachers are committed to reflection about their own teaching and learning.

Documentation

Similar to the portfolio approach, documentation of children's work in progress is viewed as an important tool in the learning process for children, teachers, and parents. Pictures of children engaged in experiences, their words as they discuss what they are doing, feeling and thinking, and the children's interpretation of experience through the visual media are displayed as a graphic presentation of the dynamics of learning. Documentation is used as assessment and advocacy.

Environment

Within the Reggio Emilia schools, great attention is given to the look and feel of the classroom. Environment is considered the "third teacher." Teachers carefully organize space for small and large group projects and small intimate spaces for one, two or three children. Documentation of children's work, plants, and collections that children have made from former outings are displayed both at the children's and adult eye level. Common space available to all children in the school includes dramatic play areas and worktables for children from different classrooms to come together.

Features of The Reggio Emilia Approach

Teacher Role

- to co-explore the learning experience with the children
- to provoke ideas, problem-solving, and conflict
- to take ideas from the children and return them for further exploration
- to organize the classroom and materials to be aesthetically pleasing
- to organize materials to help children make thoughtful decisions about the media
- to document children's progress: visual, videotape, tape recording, portfolios
- to help children see the connections in learning and experiences
- to help children express their knowledge through representational work
- to form a "collective" among other teachers and parents
- to have a dialogue about the projects with parents and other teachers
- to foster the connection between home, school and community

Projects

- can emerge from children's ideas and/or interests
- can be provoked by teachers
- can be introduced by teachers knowing what is of interest to children: shadows, puddles, tall buildings, construction sites, nature, etc.
- should be long enough to develop over time, to discuss new ideas, to negotiate over, to induce conflicts, to revisit, to see progress, to see movement of ideas
- should be concrete, personal from real experiences, important to children, should be "large" enough for diversity of ideas and rich in interpretive/representational expression

Media

- explore first: what is this material, what does it do, before what can I do with the material
- should have variation in colour, texture, pattern; help children "see" the colours, tones, hues; help children "feel" the texture, the similarities and differences
- should be presented in an artistic manner it should be aesthetically pleasing to look at - it should invite you to touch admire and inspire.
- should be revisited throughout many projects to help children see the possibilities and the relationships between experiences and different projects.

Dagprogram 18 maande tot 3 jaar (Peuters)

Aankoms, Vryspel en troeteltyd:	07:00 tot 07:30
Ontbyt en roetine aktiwiteit	07:30 tot 08:15
Individuele tyd	08:15 tot 09:30
Taalspeletjies, opvoedkundige speelgoed konstruksiespel, individuele taalontwikkeling	
Musiek en bewegingsontwikkeling	09:30 tot 09:40
Oggendversnapering,	09:40 tot 10:00
Sensoriese spel buite (sand, water, mieliemeel, klei), fietsies, balspel en ander Grootmotoriese aktiwiteite)	10:00 tot 11:30
Middagete,	11:30 tot 12:00
Storie / Musiek / gediggies en rympies	12:00 tot 12:10
Rus	12:10 tot 12:30
Huis toe gaan vir oggendkinders	13:00
Middagprogram:	13:00 tot 17:30
Kuns, Musiek, Groot-motoriese ontwikkeling, sand- en waterspel	
Versnapering	15:00
Storie, musiek, opvoedkundige speelgoed	

Daily Programme 18 months to 3 years (Toddlers)

Arrival, Free play and bonding time:	07:00 to 07:30
Breakfast and routine activity:	07:30 to 08:15
Individual time	08:15 to 09:30
Art (drawing, painting clay), fantasy play, reading books, educational games and construction, individual language development	
Music and movement development.	09:30 to 09:40
Midmorning snack	09:40 to 10:00
Outside freeplay (sand, water, sensory play, wheel toys and other gross motor activities)	10:00 to 11:30
Lunch,	11:30 to 12:00
Story / Music / songs and rhymes	12:00 to 12:10
Rest time	12:10 to 12:30
Home time for halfday children	13:00
Afternoon programme:	13:00 to 17:30
Art, Music, Gross-motor development Sand and waterplay. Sensory games	
Snacks	15:00
Story, music, educational toys	

There is important new scientific evidence that suggests the first three years of life are much more important in the long-term development of young children than previously believed. Researchers now confirm that the way parents interact with their young children and the experiences they provide them, have a big impact on their youngster's emotional development, learning skills, and how they function later in life.

Touching, holding, rocking, talking, listening and reading, or just playing with a child dramatically influences the youngster's brain development.

Dagprogram 3- tot 4-jariges

Aankoms en Vryspel	07:00 tot 07:30
Ontbyt en roetine aktiwiteit	07:30 tot 08:00
Temabespreking, taal, wiskunde, weer Vryspel binne: Kuns (teken, knip, plak, verf), fantasiespel, boeke lees, sorteerspeletjies, individuele taalontwikkeling / Musiek	08:00 tot 08:20
/ opvoedkundige speelgoed, konstruksie en blokspel, opruim	08:20 tot 09:30
Musiek en beweging / Groot-motoriese ontwikkeling	09:30 tot 10:00
Oggendversnaperinge, Vryspel buite (sand, water, perseptuele spel, wielspeelgoed, fantasie, kuns balspel en ander grootmotoriese aktiwiteite)	10:00 tot 10:30
	10:30 tot 11:30
Opruim Handewas	
Storietyd Ete	11:30 tot 11:45
Rus, stil spel	11:45 tot 12:00
Huis toe gaan vir oggendkinders	12:00 tot 12:20
Middagprogram:	12:20 tot 12:30
Kuns, Musiek, Groot-motoriese ontwikkeling, sand- en waterspel	12:30 tot 13:00
Versnapering	13:00
Storie, musiek, opvoedkundige speelgoed	13:00 tot 17:30
	15:00

Daily Programme 3 to 4 years

Arrival and Free play	07:00 to 07:30
Breakfast and routine activity	07:30 to 08:00
Theme discussion, weather, language and Maths	08:00 to 08:20
Free Play inside: Art (drawing, cutting, collage, paint), fantasy play, books, educational games, individual language	08:20 to 09:30
development / Music, construction, Music and movement development	09:30 to 10:00
Midmorning snack, Free play outside (sand, water, perceptual games, wheel toys, gross motor activities, fantasy play)	10:00 to 10:30
	10:30 to 11:30
Packing away Storytime	11:45 to 12:00
Lunch	12:00 to 12:20
Quiet time	12:20 to 12:30
Home time for halfday children	12:30 to 13:00
Afternoon programme:	13:00
Art, Music, Gross motor activities, sand- and water play, wheel toys	13:00 to 17:30
Snack time	
Story, music, educational toys	15:00

Dagprogram 4- tot 5-jariges (Graad RR)

Aankoms en Vryspel	07:00 tot 07:30
Ontbyt en roetine aktiwiteit, opening	07:30 tot 08:00
Temabespreking, weer, datums	08:00 tot 08:30
Wiskunde	
Vryspel binne: Kuns (teken, knip, plak) fantasiespel, verf, bokskonstruksie, modelleerwerk), boeke lees, persepsie, sorteerspeletjies, individuele taalontwikkeling / Musiek / opvoedkundige speelgoed, konstruksie en blokspel, opruim	08:00 tot 10:00
Musiek en beweging / Groot-motoriese Ontwikkeling	10:00 tot 10:30
Oggendversnaperinge	10:30 tot 10:45
Buitespel (sand, water, perseptuele Spel, wielspeelgoed, fantasie, kuns,balspel en ander groot-motoriese aktiwiteite)	10:45 tot 11:30
Opruim en handewas	11:30 tot 11:45
Storietyd	11:45 tot 12:15
Ete	12:15 tot 12:30
Rus, stil spel, Huis toe gaan vir oggendkinders	12:30 tot 13:00 13:00
Middagprogram: Kuns, Musiek, Groot-motories ontwikkeling, sand- en waterspel	13:30 tot 17:30
Versnapering	15:00
Storie, musiek, opvoedkundige speelgoed	

Daily Programme 4 Years to 5 Years (Grade 00)

Arrival and Free play	07:00 to 07:30
Breakfast and routine activity; opening	07:30 to 08:00
Theme discussion, weather, dates, language (phonics, letter recognition), Maths	08:00 to 08:30
Free play inside: Art (drawing, cutting, collage, paint), fantasy play, books, educational games, individual language development / Music, construction, packing away)	08:30 to 10:00
Music and Movement development	10:00 to 10:30
Midmorning snack	10:30 to 10:45
Free play outside(sand, water, perceptual games, wheel toys, gross motor activities, fantasy play)	10:45 to 11:30
Packing away, toilet routine	11:30 to 11:45
Storytime	11:45 to 12:15
Lunch	12:15 to 12:30
Quiet time	12:30 to 13:00
Home time for halfday children	13:00
Afternoon programme: Art, Music, Gross motor activities, Sand and water play, wheel toys	13:00 to 17:30
Snack time	15:00
Story, music, educational toys	

Dagprogram Graad R (5- tot 6-jaar)

Aankoms en Vryspel	07:00 tot 07:30
Ontbyt en roetine aktiwiteit, opening	07:30 tot 08:00
Temabespreking, weer, datums taal (klankeleer, letterherkenning)	08:00 tot 08:30
Wiskunde	
Drama op 'n Dinsdag	
Musiek op 'n Woensdag	
Vryspel binne: Kuns (teken, knip, plak, verf, bokskonstruksie, modelleerwerk), fantasiespel, boeke lees, persepsie, sorteerspeletjies, individuele taalontwikkeling / Musiek / opvoedkundige speelgoed, konstruksie en blokspel, opruim	08:30 tot 10:00
Musiek en beweging / Groot-motoriese ontwikkeling	10:00 tot 10:30
Krieket en kinetika 1 maal per week	
Oggendversnaperinge	
Wetenskap eksperimente	10:30 tot 10:45
Buitespel (sand, water, perseptuele spel, wielspeelgoed, fantasie, kuns, balspel en ander groot-motoriese aktiwiteite)	10:45 tot 11:30
Opruim en handewas	11:30 tot 11:45
Storietyd	11:45 tot 12:15
Ete	12:15 tot 12:30
Rus, stil spel,	12:30 tot 13:00
Huis toe gaan vir oggendkinders	13:00
Middagprogram:	13:30 tot 17:30
Kuns, Musiek, Groot-motoriese ontwikkeling, sand- en waterspel	
Versnapering	15:00
Storie, musiek, opvoedkundige speelgoed	

Daily Programme 5 Years to 6 Years (Grade R)

Arrival and Free play	07:00 to 07:30
Breakfast and routine activity; opening	07:30 to 08:00
Theme discussion, weather, dates, language (phonics, letter recognition), Maths	08:00 to 08:30
Drama on a Tuesday	
Music on Wednesday	
Free play inside: Art (drawing, cutting, collage, paint), fantasy play, books, educational games, individual language development / Music, construction, packing away)	08:30 to 10:00
Music and Movement development	
Cricket and Sports development	10:00 to 10:30
Midmorning snack	
Science activities	10:30 to 10:45
Free play outside(sand, water, perceptual games, wheel toys, gross motor activities, fantasy play)	10:45 to 11:30
Packing away, toilet routine	11:30 to 11:45
Storytime	11:45 to 12:15
Lunch	12:15 to 12:30
Quiet time	12:30 to 13:00
Home time for halfday children	13:00
Afternoon programme:	13:00 to 17:30
Art, Music, Gross motor activities, Sand and water play, wheel toys	
Snack time	15:00
Story, music, educational toys	

Beserings by die skool

'n Mens moet aanvaar dat waar 'n groep lewendige, ondernemende kinders speel daar altyd 'n element van risiko teenwoordig is. Alhoewel die terrein beplan word om veilig te wees en daar ook voldoende toesig op die terrein is, is 'n terrein wat honderd persent ongeluk-vry is gewoonlik 'n baie vervelige omgewing. Navorsing wys ook uit dat vervelige buitenspel-areas kinders noop om hulle eie uitdagings te skep.

Op hierdie speelterrein het ek gaan navorsing doen oor die nutste benadering tot speelterreinbeplanning. Gaan kyk gerus na die webwerf Naturalplaygrounds.com, om te sien wat ons gebruik het as riglyne by die beplanning van ons nuwe speelterrein. Ek en die ouers wat betrokke is by die beplanning is baie opgewonde oor hierdie geleentheid om die nutste navorsing in ons nuwe speelgrond te implementeer. Ons sal graag insette van ander ouers ook wil hê.

Die element wat risiko beperk is goeie toesig. Ons personeel is opgelei en vaardig in toesighouding. Wat siektes betref is ons kruisinfeksie-insidensie laag omdat ons min kinders per klas het. Daarby is die dieet van die meeste van die kinders gesond en word stres by die skool beperk omdat kinders vrylik speel en daar groot klem gelê word op die skep van 'n geborge, gelukkige omgewing. Stres is een van die mees nadelige faktore wat kinders se weerstand teen siektes betref.

Beserings val gewoonlik in die kategorie van gestamppte tone, skrape en einas wat reggedoktor kan word met pleisters en 'n soentjie. In die 4 jaar wat die skool nou aan die gang is het ons 1 gebreekte arm, 2 groenhout frakture en nou onlangs 'n oopgevalde lip en twee wonde op die voorkop gehad wat steke benodig het. Gelukkig het ons personeel wat goed onderlê is in noodhulp en kalm kan bly om noodgevallen te hanteer.

Prosedures wat gevolg word

- Ouers word in kennis gestel as 'n kind 'n besering (hoe gering ook al) opgedoen het.
- Indien 'n kind bygebyt word sal ons ouers daarvan vertel sonder om blaam te plaas. Dit is so dat peuters soms deur bytfases gaan. Alhoewel die peuterpersoneel hulle bes probeer om byttery te voorkom is dit soms net eenvoudig te vinnig en te onvoorspelbaar om iets daaraan te doen.
- Indien ons vermoed dat 'n kind by 'n arm of 'n been gebreek het sal ons ouers dadelik skakel en ook aanbied om die kind solank na die dokter of hospitaal te neem en die ouer daar te ontmoet.
- Indien 'n kind 'n kop oopval en steke benodig sal ons dieselfde prosedure volg nadat die bloeding gestop is.
- Indien kinders allergies is vir salf, pleisters of ontsmettingmiddel moet die ouer ons in kennis stel.
- Sou 'n kind deur 'n insek gebyt word sal ons die ouer skakel en toestemming vra om 'n anti-allergiese salf te gebruik. Die kind sal ook goed dopgehou word en enige negatiewe reaksie sal onmiddellik gerapporteer word.
- Indien 'n kind by die skool begin opgooi, kla van maagpyn of diarree het sal ons onmiddellik skakel en verwag dat die kind by die skool gehaal moet word aangesien dit hoogs aansteeklik kan wees en ook potensieel gevaarlik vir die kind.
- Ons wil graag versoek dat indien 'n kind koorsig is, hy/sy nie skool toe kom voordat die oorsaak vasgestel is nie; tandekry is hiervan uitgesluit. Koorsigheid kan die voorloper van 'n aanteeklike kindersiekte wees soos Waterpokkies of Masels.
- Kinders wat ooginfeksies (konjunktivitis of "pink eyes") het moet by die huis bly totdat dit gesond is. Dit is hoogsaansteeklik en versprei soos 'n veldbrand.
- Dieselfde geld ook vir mangelontsteking.

Medisyne

Slegs voorskryfmedisyne sal gegee word. 'n Vormpie moet voltooi word waarop aangedui moet word wanneer en hoeveel gegee moet word. Koorsmedisyne sal slegs toegedien word indien 'n ouer toestemming gee en die kind wel koorsig is.